The miracles of science™

ACANTO® 250 SC

Reg. No. L8233 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L8233 Wet Nr. 36 van 1947

Preventive, systemic and translaminar suspension concentrate fungicide for the control of diseases in barley, wheat and potatoes as listed.

Beskermende, sistemiese en translaminêre suspensie konsentraat swamdoder vir die beheer van siektes in gars, koring en aartappels soos aangedui.

FUNGICIDE GROUP CODE 11 SWAMDODER GROEP KODE

ACTIVE INGREDIENT		**AKTIEWE BESTANDDEEL**
Picoxystrobin (strobilurin)	.....250 g/ℓ....	Picoxystrobin (strobilurien)

Net volume **1 ℓ, 5 ℓ and 10 ℓ** **Netto volume**

REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:
DU PONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA (PTY) LTD
Co. Reg. No. 2009/014079/07
P. O. BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE 1685
Tel: (011) 218 8600

24 Hour / Uur Emergency Number / Noodnommer:
083 123 3911

BATCH NUMBER / LOTNOMMER
DATE MANUFACTURED / DATUM VERVAARDIG

UN No./VN Nr.: 3077

Copyright © 2010 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™, ACANTO®, CAPITAN® and TREND® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

ACANTO® 250 SC

Reg. Nr. L8233 Wet Nr. 36 van 1947
Bevat picoxystrobin

WAARSKUWINGS:

LAAT DIE VOLGENDE ONTHOUDINGSPERIODE TOE TUSSEN DIE LAASTE TOEDIENING EN OES:

Gars	**50 dae**
Koring	**35 dae**
Koring & Gars (Beweiding)	**35 dae**
Aartappels	**7 dae**

- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingeneem.
- Voorkom kontak met oë en vel aangesien produk oog- en velirritasie kan veroorsaak.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Toksies vir vis en skadelik teen ander waterorganismes.
- Berê weg van voedsel en voer.
- HERBETREDING: Moet nie die behandelde gebied betree binne 1 dag na bespuiting nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Voorkom spuitstofegdrywing na ander gewasse wat nie behandel word nie, weiding of nabygeleë waterbronne.
- Moet nie strome, riviere of damme kontamineer nie.
- Vermy kontak met oë, vel en klere.
- Moet nie die spuitnewel inasem nie.
- Dra beskermende klere, rubber handskoene en gesigmasker wanneer die spuitmengsel voorberei word.
- Was met oormaat seep en water onmiddellik na toevallige velkontak.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging voordat hande en gesig gewas en klere geruil is nie.
- Spoel leë houers DRIE KEER UIT as volg: Keer die leë houer bo-oor spuittenk of mengtenk om en dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloei tot 'n drup afgeneem het. Spoel daarna die leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan minimum van 10% van die houerkapasiteit. Gooi die spoelinhoud by die spuitmengsel in die spuittenk voordat die houer vernietig word op die voorgeskrewe metode.

- Was die toedieningsapparaat, pype, spuitbalk en spuitstukke deeglik uit met na gebruik. Verwyder visuele spuitneerslae. Verwyder spuitstukke, siwwe en fllters en maak afsonderlik skoon. Spoel die hele stelsel nog ‘n maal met skoon water uit.
- Moet nie toedienings apparaat naby ‘n put, boorgat, fontein of enige ander waterbron skoonmaak nie.
- Moet nie gewasse, weiding, riviere of damme met die waswater tydens die skoonmaak van die apparaat besoedel nie.
- Moet nooit die houer vir enige ander doel hergebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

WEERSTANDS WAARSKUWING

ACANTO® 250 SC is a groep kode 11 swamdoder. Enige populasie van ‘n spesifieke swam mag individue insluit wat ‘n natuurlike weerstand teen **ACANTO® 250 SC**, of enige ander groepkode 11 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **ACANTO® 250 SC** of enige ander groepkode 11 swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes.

- Raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander swamdodergroepkodes.

- Integreer ander beheermaatreels (chemies, verbouing, biologies) in swamdoderprogramme.

Koring en Gars:

- Weens die hoë risiko vir die ontstaan van weerstand by sekere kleingraan siekte-veroorsakende swamme teen groep kode 11 swamdoders moet **ACANTO® 250** altyd in tenkmengel met ’n triasool swamdoder (wat oor ’n ander meganisme van werking beskik) soos **CAPITAN® 250 EW** of PROPIZOLE 250 EC in koring en gars toegedien word.
- Moet nie meer as **twee ACANTO® 250** bevattende tenkmensel toedienings per seisoen in koring of gars toedien nie.

Aartappels:

- **ACANTO® 250 SC** bespuitings moet elke 14 dae toegedien word wat dan weekliks in ’n spuitprogram afgewissel word met die maksimum geregistreerde dosis van Mankoseb of Chlorotaloniel 750 SC teen vroeëroes.
- Moet nie meer as **drie ACANTO® 250 SC** bespuitings per seisoen in aartappels toedien nie.
- Moet nie **ACANTO® 250 SC** as die eerste of die laaste bespuiting in die spuitprogram toedien nie.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS: **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

VERENIGBAARHEID

ACANTO® 250 SC is verenigbaar met Capitan® 250 EW (Reg. Nr. L6062 Wet Nr. 36 van 1947), Propizole 250 EC (Reg. Nr. L7561 Wet Nr. 36 van 1947), Propiconazole 250 EC (Reg. Nr. L7306 Wet Nr. 36 van 1947) en Trend® 90 (Reg. Nr. L8207 Wet Nr. 36 van 1947) in koring en gars en met H & R Crop Oil (Reg. Nr. L6802 Wet Nr. 36 van 1947) en Trend® 90 (Reg. Nr. L8207 Wet Nr. 36 van 1947) in aartappels. Die verenigbaarheid van **ACANTO® 250 SC** met ander produkte is nog nie ten volle ondersoek nie. Tenkmengsels wat nog nie vir fisiese verenigbaarheid en gewasveiligheid getoets is nie moet eers op ‘n klein skaal getoets word. Kontak die vervaardiger in geval van onsekerheid.

ALGEMEEN

- **ACANTO® 250 SC** bevat picoxystrobin, ‘n breë spektrum swamdoder van die strobilurien groep. Picoxystrobin en ander strobilurien analoë inhibeer swam respirasie.
- **ACANTO® 250 SC** het sistemiese, translaminêre en voorkomende eienskappe en beskik oor ‘n gasaksie.
- **ACANTO® 250 SC** toon goeie gewasveiligheid, siektebeheer en behoud van groen loofarea wat tot betekenisvolle opbrengsvoordele lei.
- **ACANTO® 250 SC** werk die beste wanneer dit as a voorkomrnde behandeling, of tydens die vroegste stadia van siekte-ontwikkeling toegedien word.
- **ACANTO® 250 SC** moet nie toegedien word op enige gewas wat onder stremming verkeer as gevolg van droogte, versuiptoestande, lae temperatuur, insek aanvalle, voedings of kalk tekoret of enige ander faktore wat gewasgroei kan verminder nie.

MENGINSTRUKSIES EN SKOONMAAK VAN SPUITAPPARAAT

- Maak seker dat die spuitapparaat heeltemaal skoon is alvorens **ACANTO® 250 SC** gebruik word.
- Maak die spuitenk halfvol met water en skakel die roeringsmeganisme aan. Roer die spuitmengsel aanhoudend terwyl die benodigde hoeveelheid **ACANTO® 250 SC** in die spuittenk gevoeg, waarna die tenk met die verlangde hoeveelheid water gevul en bespuiting uitgevoer word.

GEWAS EN SIEKTE	HOEVEELHEID PER HA	OPMERKINGS
GARS: Netvlek (*Pyrenophora teres*) Blaarvlek (*Rhynchosporium secalis*) Bruinroes (*Puccinia hordei*) Poeieragtige skimmel (*Erysiphe graminis*)	**GRONDTOEDIENING:** 300 mℓ **ACANTO® 250 SC** plus 400 mℓ **CAPITAN® 250 EW** in ten minste 300 ℓ water per ha OF 300 mℓ **ACANTO® 250 SC** plus 500 mℓ PROPIZOLE **250 EC** in ten minste 300 ℓ water per ha	Dien voorkomend of met die eerste tekens van siekte toe. 'n Opvolgtoediening mag benodig word 21 dae na die eerste toediening. Die byvoeging van 'n nie-ioniese benattingsmiddel (bv. **Trend® 90** teen 'n dosis van 100 mℓ per 100 ℓ spuitmengsel) word aanbeveel vir optimale beheer. Moet nie 'n maksimum van **twee ACANTO® 250 SC** bevattende toedienings per seisoen oorskry nie. **Laat 50 dae toe tussen laaste ACANTO® 250 SC toediening en oes. Sien ook toepaslike vooroes-onthoudings periode op die CAPITAN® 250 EW of PROPIZOLE 250 EC etiket indien 'n tenkmengsel van ACANTO® 250 SC met CAPITAN® 250 EW of PROPIZOLE 250 EC toegedien word.**
KORING: Blaarroes (Bruinroes) *(Puccinia recondita)* Vaalblaar (*Septoria tritici)* Bruinaar *(Septoria nodorum)* Poeieragtige skimmel *(Erysiphe graminis)* Geelroes (Streeproes) *(Puccinia striiformis)*	**GRONDTOEDIENING:** 300 mℓ **ACANTO® 250 SC** plus 400 mℓ **CAPITAN® 250 EW** in ten minste 300 ℓ water per ha OF 300 mℓ **ACANTO® 250 SC** plus 500 mℓ PROPIZOLE **250 EC** in ten minste 300 ℓ water per ha	Dien voorkomend of met die eerste tekens van siekte toe. 'n Opvolgtoediening mag benodig word 21 dae na die eerste toediening. Die byvoeging van 'n nie-ioniese benattingsmiddel (bv. **Trend® 90** teen 'n dosis van 100 mℓ per 100 ℓ spuitmengsel) word aanbeveel vir optimale beheer. Moet nie 'n maksimum van twee **ACANTO® 250 SC** bevattende toedienings per seisoen oorskry nie. **Laat 35 dae toe tussen laaste ACANTO® 250 SC toediening en oes. Sien toepaslike vooroes-onthoudings periode op die CAPITAN® 250 EW of PROPIZOLE 250 EC etiket indien 'n tenkmengsel van ACANTO® 250 SC met CAPITAN® 250 EW of PROPIZOLE 250 EC toegedien word.**

GEWAS EN SIEKTE	HOEVEELHEID PER HA	OPMERKINGS
AARTAPPELS: Vroeëroes (*Alternaria solani*)	**GRONDTOEDIENING:** 300 mℓ **ACANTO® 250 SC** **PLUS** **500 mℓ/ha H&R Crop Oil** **OF** **50 mℓ/100 ℓ Trend® 90** **weekliks afgewissel** met Mankoseb teen 3,0 kg/ha of Chlorotaloniel 720 SC teen 1.5 ℓ/ha in ten minste 400 ℓ water per ha	Volg ten alle tye 'n voorkomende spuitprogram teen vroeëroes. Gebruik **ACANTO® 250 SC** op enige stadium van plantontwikkeling sodra omgewings-toestande gunstig raak vir vroeëroesinfeksie. Dien as 'n volle dekbespuiting afhangende van plantgrootte in 450 - 1500 ℓ water/ha toe. Dien **ACANTO® 250 SC** elke 14 dae as deel van 'n weeklikse roterende (afwisselende) spuitprogram met die maksimum geregistreerde dosis van die kontakswamdoders mankoseb of chlorothaloniel 720 SC toe. Dien **ACANTO® 250 SC** ten alle tye **ACANTO® 250 SC** met die geregistreerde benatter (H&R Crop Oil of **Trend® 90**) in aartappels toe. Moet nie meer as drie **ACANTO® 250 SC** toedienings per groeiseisoen van die gewas toedien nie. Laat 7 dae toe tussen laaste toediening en oes.